# Herinneringe aan professor F.J. du Toit Spies

***F.J. Nöthling***[2]

Prof Tooi, soos hy bekend was onder studente, was die tweede dosent wat ek as eerstejaarstudent in 1959 in Geskiedenis ontmoet het. Sy aanslag was heeltemal anders as die van sy kollegas, A.N. Pelzer en doktor W.J. de Kock. Hy was nooit laat vir ŉ klas nie en voor sy lesing kon ŉ nuuskierige soos ek sy DKW paneelwaentjie op die parkeerterrein opmerk. Behalwe dat sy kleding meer informeel as dié van Pelzer en De Kock s'n was, was sy aanbieding rustig en soms ŉ bietjie eentonig, hoewel hy juis stadig kon gepraat het om studente in staat te stel om aantekeninge te maak. Spies was meer gebonde aan sy aantekeninge en die geel papier waarop sy eerstejaarlesings geskryf was, het die indruk geskep dat dit reeds lank in gebruik was. Spies het nie die soort gemoedelikheid in die klas gehad as dit waarmee Pelzer oorgekom het nie. Aan die ander kant was sy styl beslis "sagter" as dié van De Kock, wat ŉ indruk van onverbiddelikheid geskep het.

Prof Tooi het algemene geskiedenis, beginnende met Antieke Geskiedenis wat na die Middeleeue deurgeloop het, gegee. In my derde jaar was sy lesings in die departement se eie lokaal in die Nuwe Letteregebou. Miskien het die kleiner lesinglokaal en uiteraard die

---

2. Doktor Nöthling was vir meer as dertig jaar verbonde aan die Universiteit van Suid-Afrika se Geskiedenis Departement.

kleiner en meer geselekteerde groep derdejaarstudente Prof Tooi laat ontdooi. Kenmerkend van hom in die jaar (die geskiedenisklas was die laaste voor middagete), was die gemaklike manier waarop hy oor die stoel agter die kateder geleun het en die periodieke grappie wat hy vertel het – gewoonlik was hy meer geamuseerd daaroor as die studente wat na alle waarskynlikheid nie sy humor verstaan het nie of teen daardie tyd van die dag reeds te vaak was om dit te begryp.

Daar is van die derdejaars verwag om aan die einde van die jaar twee mondelinge eksamens af te lê. Dit was dubbelsessies in die sin dat twee vraestelle in een ontmoeting afgehandel is. Pelzer het daarvan gehou om die student met kort vrae te peper – amper soos die gekletter van 'n masjiengeweer. Spies daarenteen, het in breë terme gevra soos die kwasstrepe van 'n skilder.

Prof Tooi was nooit onwillig om studente te help nie. Op honneursvlak was hy onder meer verantwoordelik vir Historiografie – 'n nuwe terrein waarmee die studente vir die eerste keer kennis gemaak het. Hierin het hy die onderwerpe vir die take self aangedui – 'n logiese stap omdat die studente anders as die selfstudie wat hulle oor Europa moes doen, sonder enige oriëntasie was. Dit spreek vanself dat sodanige take onsekerheid sou skep en in my geval was ek skepties oor my eerste konsep oor die taak "Niebuhr as geskiedskrywer". Prof Tooi het die poging deurgelees en baie diplomaties aangedui dat die nie-gebruik van Duitse bronne 'n swakheid was. Dit het aanleiding gegee tot die afwesigheid van 'n bespreking of aanduiding van hoe Niebuhr, soos Spies aangedui het, "self 'n stukkie geskiedenis geskryf het". Hierin het die vereiste dat studente 'n leeskennis van Duits, soos die regulasie bepaal het, na vore gekom. Toe diegene van ons wat nie oor sodanige kennis beskik het nie, navraag gedoen het oor ons geskiktheid vir die honneurskursus, het Pelzer as dekaan en departementshoof ons verseker dat dit nie 'n ernstige belemmering was nie. Dit skyn of Prof Tooi nie heeltemal hiermee saamgestem het nie.

Wat die selfstudie oor Europa betref – 'n studie wat die geskiedenis van Europa vanaf die vyftiende tot die middel van die twintigste eeu ingesluit het – was Prof Tooi nie primêr, soos dit reeds blyk, in feitelike besonderhede geïnteresseerd nie. Neigings of tendense en die kenmerke van tydperke was sy fokus. Trouens, as ek na my aantekeninge oor sy lesings kyk, blyk dit dat hy juis tendense uitgehaal en beklemtoon het. Dit geld vir die klasse wat hy in die eerstejaar- en derdejaarkursusse aangebied het. Interessant dat wat die Middeleeue betref, sommige van my aantekeninge in die twee studiejare ooreenstem. Met die

honneursstudie moes elke student ’n tydperk of tema vir indringende studie kies, self ’n vraagstelling formuleer en ’n werkstuk of studie daaroor indien. Anders as Pelzer wou hy nie ’n voordrag of bespreking in die klas hê nie. Afgesien daarvan dat hy nie oor Europa klasgegee het nie, was die veld na my mening te wyd en sou daar in elk geval weinig van gemeenskaplike belang onder die studente wees. Dit het ’n voordrag en bespreking onprakties gemaak. Met die honneurs-eksamen, wat slegs mondeling was, het Prof Tooi ten minste wat die Europese deel van die kursus betref, die student se vermoë om te vertolk geëksamineer en moes ons, soos Pelzer ook verwag het, neigings of tendense eie aan ’n tydperk of periode kon identifiseer en verklaar. Menige van ons se vrees dat ons nie die massa feite sou kon bemeester nie, was dus ongegrond.

Prof Tooi het in 1967, toe ek reeds vir vier jaar buite akademiese sirkulasie was, my studieleier vir die MA-graad geword en het ek hom vir ’n tyd gereeld by sy huis teen Muckleneukrant vir leiding en bespreking van my poging besoek. Hy was ’n simpatieke dosent en studieleier. Sy kalmte en rustigheid as mens, sy benadering tot die vak, sy studente en sy kollegas het sy houding bepaal. Hy sou my dus nie onnodig aan skerp kritiek blootstel nie – ’n houding wat op die keper beskou voordele en nadele ingehou het.

Prof Tooi was ’n mens mens en die student was vir hom belangriker as die vak. Daarby kom die feit dat hy MA-werk as deel van die skoling van ’n student gesien het – die student moes deur ervaring self leer om navorsing te doen en te skryf en bydraes tot die vakwetenskap kom later. Dit is waarskynlik die belangrikste les wat Prof Tooi my geleer het. Dit sou eers toe ekself met MA-studente te doene gehad het, tot my deurskemer. Sy menslikheid is die blywendste indruk wat hy op my gemaak het.